vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.**vkb**.co.za



# 2018-2019 & 2019-2020 PROEFVERSLAG

vkb
Landboubestuursdienste

**Vir navrae kontak: JT Prinsloo: 083 448 8288 / Jacques van Zyl: 078 815 5313**

Hoofkantoor | President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | vkb@vkb.co.za
VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n Gemagtigde Kredietverskaffer NCRCP 7894

# VOORWOORD

Welkom by VKB Landbou Bestuursdienste se proefverslag vir die periode 2018-2019 en 2019-2020. Graag wil VKB van die geleentheid gebruik maak om ons opregte dank uit te spreek teenoor ons Skepper, VKB se direksie, bestuur en kollegas vir die ondersteuning van hierdie belangrike inisiatief om VKB se lede te kan voorsien van toepaslike praktykinligting.

Gedurende die afgelope twee plantseisoene is sestien proewe in die VKB-gebied geplant by nege verskillende lokaliteite wat wissel van Ascent tot QwaQwa. Elke proef se inligting en resultate word in die verslag vervat.

Die doel van VKB se proewe is om onafhanklike statisties verantwoordbare feit-gebaseerde datagedrewe bestuursinligting aan VKB se lede te voorsien.

Die proewe se grootste waarde is in die ekonomiese ontleding van elke proef, die toepaslikheid in die praktyk en die metodiek wat ons volg, nl. strookproewe wat gerandomiseer word en ten minste drie maal herhaal word om grond en klimaatverskille wat mag voorkom te minimaliseer. Proewe word vir ten minste drie jaar herhaal om die variasie tussen die drie seisoene te minimaliseer en sodoende die gevolgtrekking wat afgelei word uit die drie jaar se proefdata se geloofwaardigheid te verhoog.

Die toepaslikheid van die proewe het ook ten doel om boerderypraktyke so goed moontlik te simuleer en bekende boerderypraktyke in heroorweging te neem en te verfyn ten einde VKB se lede te voorsien van beproefde relevante inligting wat hulle in hul eie unieke boerdery-omstandighede kan toepas.

Ekonomiese en volhoubare gewasproduksie moet altyd 'n integrale deel vorm van VKB se navorsingsprojekte en moet ten doel hê om boere te bemagtig om die beginsels rondom die aspekte te verstaan soos wat omstandighede verander.

Ons Boeremedewerkers is die belangrikste skakels in ons proewe. Sonder hul bereidwilligheid en samewerking sou dit nie vir ons moontlik gewees het om die proewe te kon plant nie. 'n Hartlike woord van dank word uitgespreek teenoor elkeen wat in die volledige medewerkerslys saamgevat is.

Graag wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om boere uit te nooi om ons te kontak indien hulle belangstel om betrokke te raak met die plant van proewe.






# INHOUDSOPGAWE

**Dankbetuiging** 4
**Berekeninge en statistiek** 5
**Parameters gemeet** 6
**Ekonomiese ontleding** 7
**Proefresultate 2018-19-seisoen**
**Sojabone**
– Sojaboon-korrelkalkproef 8
– FSO Sojaboonkwaliteitproef 10

**Mielies**
– Sonop Boerevereniging stikstofbron-en-toedieningspraktykproef 12
– Mielieblaarvoedingproef 14
– Mielieswamdoderproef 16
– Mieliekultivar -en-plantpopulasie-proef 18
– Mielie-korrelkalkproef 20

**Proefresultate 2019-20-seisoen**

**Sojabone**
– Sojaboonkultivarproef 23

**Mielies**
– Sonop Boerevereniging stikstofbron-en-toedieningspraktykproef 26
– Mielie-plantpopulasieproef 1 28
– Mielie-plantpopulasieproef 2 30
– Mielie Downforce-proef 1 32
– Mielie Downforce-proef 2 34
– Mielie-stikstofpeilproef 36
– Mielieblaarvoedingproef 38
– Mielieswamdoderproef 40

# DANKBETUIGING

## MEDEWERKERS

| | |
|---|---|
| **Dr. Jan Dreyer en mnr. Gawie de Beer (PNS** | Kundige advies en proefuitleg met sojaboonproef te Villiers |
| **Me. Lientjie Visser (LNR)** | Grondontledings van die betrokke proefpersele |
| **Me. Annelie de Beer (LNR)** | Kundige advies en proefuitleg met sojaboonproef te Villiers |
| **Me. Safiah Mali (LNR)** | Hulp met statistiese ontledings |
| **Jakobus en JG Oosthuizen (Corteva** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Ras Meintjies (Corteva)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Tappie Bredenkamp (Link Seed)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa en bywoning tydens stroop |
| **Mnr. André van der Linde (Klein Karoo Saad)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Pieter Taljaard (Agricol)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Pieter Craven (Sensako)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Marnus van Heerden (Intelli Seed)** | Verskaf van saad vir sojaboonkultivarproef te QwaQwa |
| **Mnr. Johan de Jager (Daniëlsrus-silo)** | Meet vog en sojaboonkwaliteit |
| **Me. Thebelo Motsoeneng (Free State Oil)** | Meet vog en sojaboonkwaliteit |
| **Mnr. Bernhard Richter (Multigreen)** | Formulering van bemesting vir sojaboon- en stikstofproewe |
| **Mnr. Bertus Cordier** | Tegniese hulp met mieliekultivarproef te QwaQwa |
| **Me. Paula Lourens (Vermi Solutions)** | Tegniese bystand met grondchemiese-en blaarsap-ontledings |
| **Mnr. James van den Berg** | Tegniese hulp met mielie- en sojaboonproef te Villiers |
| **Mnr. Louis du Plessis** | Tegniese hulp met sojaboonproef te QwaQwa en Reitz |
| **Mnr. Pieter Hattingh Junior** | Tegniese hulp met plant van proewe by Sonop Boerevereniging |
| **Sonop Boerevereniging** | Beskikbaarstelling van proefperseel vir stikstofproef. Evalueer die invloed van verskillende stikstofbrontoedieningspraktyke en stikstofbronne op mielie-opbrengs |
| **Mnr. Marnus Strydom** | Tegniese hulp met plant van stikstof-peilproef op mielies te Ascent |
| **Mnr. Johan Dreyer** | Stroop van mielieproef te Ascent |
| **Mnr. Jaco Heckroodt (VKB)** | Ekonomiese ontleding van die proewe |
| **Mnr. Jacques van Zyl (VKB)** | Agronoom |
| **Mnr. JT Prinsloo (VKB)** | Landboukundige |
| **Verskeie dagarbeiders** | Help om proewe te plant, versorg, oes en te dors |

## BOEREMEDEWERKERS

| | |
|---|---|
| **Koos Kruger** | Sojaboonproef: Invloed van bemesting op die olie- en proteïen-inhoud van sojabone te Villiers, mieliestand- en Downforce-proef te Villiers en Jim Fouché |
| **Louw van der Merwe (Louw's Chem)** | Om verskillende saadmaatskappye se kort/medium en lang groeiklas-sojaboonkultivars se opbrengs statisties en onafhanklik met mekaar te vergelyk onder droëlandkondisies. Stroop van mielies by verskillende vogpersentasies |
| **Frans de Jager** | Invloed van bandgeplaaste korrelkalk op die opbrengs van sojabone |
| **Gerhard le Roux** | Invloed van bandgeplaaste korrelkalk op die opbrengs van mielies |
| **T.S.O. Farming** | Mieliekultivar- en plantpopulasieproef te QwaQwa |
| **JT Prinsloo Junior** | Invloed van gerigte swam en verskillende blaarvoedingprodukte op die opbrengs van mielies te Kransfontein |
| **Izak Dreyer** | Die invloed van verskillende stikstofpeile op mielie-opbrengs in bewaringsboerderypraktyke te Vrede |




# BEREKENINGE EN STATISTIEK

Alle statistiese berekeninge is bereken d.m.v. die Mullen ANOVA generator-program, wat Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD, alpha 0.05)-metode gebruik om te bepaal of behandelings statisties van mekaar verskil. Onder volg 'n meer uitgebreide beskrywing en voorbeeld van LSD, ens.

## KYK NA DIE ONDERSTAANDE VOORBEELD VAN 'N PROEF

**LSD:** Least significant difference (kleinste betekenisvolle verskil) word gebruik om die gemiddelde waardes van verskillende behandelings met dieselfde getal herhalings te vergelyk. Vir hierdie verslag is 'n betekenisvolheid vlak van 0,05 (of 5%) gebruik, wat beteken wanneer behandelings statisties betekenisvol verskil, daar met 95% vertoue gesê kan word dat behandelings waarlik verskil.

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * |
|---|---|---|
| **1** | 7,8 | a |
| **2** | 7,2 | b |
| **3** | 6,7 | c |
| **4** | 6,3 | cd |
| **Gemiddeld** | 7,0 | **LSD $_{(0,05)}$ = 0,45**<br>**CV (%) = 6,8** |

**CV:** Die CV word gedefinieer as die koëffisiënt van variasie, wat 'n berekening is van die variasie tussen behandelings en elke herhaling van 'n behandeling. In landbou en spesifiek strookproewe, is 'n koëffisiënt van variasie minder as 25% aanvaarbaar.

**HERHALING:** Elke behandeling word teen ten minste drie herhalings geplant. Die rede hiervoor is:
- Om die statistiese ontleding te kan doen;
- Om van behandelings meer resultate te kry om sodoende 'n meer geloofwaarlike gemiddeld van een behandeling te kry om tot 'n gevolgtrekking uit te kom.

**RANDOMISERING:** Dit is m.a.w. die ewekansige plant van 'n proef. Die rede hiervoor is:
- Om variasie wat oor 'n land voorkom, pH, grondtipe, gronddiepte, reënvalverspreiding ens., uit te skakel omdat elke behandeling se herhaling dieselfde kans het om enige plek op 'n land geplant te kan word;
- Randomisering of ewekansige plant verhoed dat data bevooroordeeld is t.o.v. die lokaliteit van 'n behandeling in die land.

**VERDUIDELIKING:** Vir behandeling 1 om statisties betekenisvol te verskil van behandeling 2, moet die verskil meer as 450 kg/ha (LSD (0,05) = 0,45) wees. Hulle doen wel en daarom verskil die letters van behandeling 1 -a- en behandeling 2 -b-. Behandeling 3 verskil ook met meer as 450 kg ha van behandeling 2 en behandeling 1. Daarom is die letter -c- langs behandeling 3. Dus, as die letters nie dieselfde is nie, verskil die behandelings statisties betekenisvol van mekaar Behandeling 4 het letters -cd- langsaan. Dit beteken behandeling 4 verskil nie betekenisvol van behandeling 3 nie omdat die verskil tussen die die twee behandelings minder as 450 kg/ha is. Behandelings wat nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie sal dieselfde letter of een van die letters sal dieselfde wees, soos in hierdie geval waar behandeling 3 en 4 beide die letter -c- langsaan het.



# PARAMETERS GEMEET

By al die proewe, waar moontlik, is verskeiwe parameters gemeet om sodoende te kan bepaal hoekom sekere behandelings moontlik hoër of laer opbrengste opgelewer het. Die parameters wat gemeet is by meeste van die proewe is as volg:

## SOJABONE

**Dae tot elke groeistadium** – groeistadiums van elke behandeling (kultivar) is weekliks bepaal.

**Finale plantpopulasie** – plante is getel oor 10 m op minstens drie plekke in die land van elke herhaling.

**Peule per plant** – peule van minstens tien plante op minstens drie plekke in die land van elke herhaling.

**Vogpersentasie** – die vogpersentasie van elke herhaling is bepaal met 'n Dickey John-vogmeter.

**Honderd-pit-gewig** – honderd pitte van elke herhaling is getel en geweeg, waarna vogpersentasie gekorrigeer is na 12,5%.

**Opbrengs** – opbrengs is bepaal met VKB se weegwa, waarna die vogpersentasie gekorrigeer is na 12,5%. Die perseel/strook-oppervlak is bepaal met 'n GPS.

## MIELIES

**Finale plantpopulasie** – plante is getel oor 10 m op minstens drie plekke in die land van elke herhaling.

**Pitte om 'n kop** – 6 koppe per herhaling is ewekansig gepluk waarna die hoeveelheid pitte om 'n kop getel is.

**Pitte in die ry van 'n kop** – 6 koppe per herhaling is ewekansig gepluk waarna die hoeveelheid pitte in die ry getel is

**Koppe per plant** – koppe per plant is getel oor 10 m op minstens drie plekke in die land van elke herhaling.


**Koppe op 10 m** – totale koppe is getel oor 10 m op minstens drie plekke in die land van elke herhaling.

**Vogpersentasie** – die vogpersentasie van elke herhaling is bepaal met 'n Dickey John-vogmeter.

**Honderd-pit-gewig** – honderd pitte van elke herhaling is getel en geweeg, waarna vogpersentasie gekorrigeer is na 12,5%.

**Kop gewig** – kopgewig is verkry deur totale pitte per kop te bereken d.m.v. hoeveelheid pitte om 'n kop maal hoeveelheid pitte in 'n ry van 'n kop, wat daarna gemaal is met honderd-pit-gewig.

**Opbrengs** – opbrengs is bepaal met VKB se weegwa, waarna die vogpersentasie gekorrigeer is na 12,5%, en opbrengs per hektaar uitgewerk is. Die perseel/strook se oppervlak is bepaal met 'n GPS.



## Reënval, temperatuur en hitte-eenhede:

**Die afgelope seisoen was daar by elke proefperseel 'n weerstasies op wat reënval en temperatuur gemeet het. Met die temperatuurdata is hitte-eenhede bepaal vanaf opkoms tot fisiologies ryp groeistadium. Fisiologies ryp-groeistadium (R6) is as 130 dae ná plant by al die proewe as maatstaf gebruik.**



# EKONOMIESE ONTLEDING

## MARGE BO KOSTE VAN BEPAALDE BEHANDELING:

Die marge bo koste van 'n bepaalde behandeling stel die boer in staat om nie net die opbrengs verhoging/verlaging in ag te neem nie, maar ook die ekonomiese voordeel/nadeel van 'n bepaalde behandeling, wat die belangrikste maatstaf is vir die volhoubare winsgewendheid van elke boer. Die volgende is in ag geneem in die ekonomiese ontleding van elke proef:

**Kommoditeitsprys** – 'n gemiddelde boerprys vir die jaar is gebruik (Sojabone: R4 500 vir 2018/19 en Mielies: R2 350 vir beide seisoene).

**Meganisasie-/insetkoste** – om hierdie koste te bepaal is gebruik gemaak van syfers soos verkry van VKB Landbou se landbou-ekonomie-afdeling.

**Behandelingkoste** – die koste van elke behandeling, bv. saadkoste, swamdoder en kultivar, is verkry van elke insetverskaffer.

## VOORBEELD VAN 'N EKONOMIESE ONTLEDING OP 'N MIELIEPLANTPOPULASIE-PROEF:

| Plantpopulasie (plante/ha) | 25 000 | 35 000 | 45 000 | 55 000 |
|---|---|---|---|---|
| Graanopbrengs (t/ha) | 3,41 | 3,88 | 3,67 | 3,59 |
| Graanprys | R 2 350,00 | R 2 350,00 | R 2 350,00 | R 2 350,00 |
| **Bruto inkomste** | **R 8 013,50** | **R 9 118,00** | **R 8 624,50** | **R 8 436,50** |
| Saadkoste per sakkie (80000 pitte) | R 4 450,00 | R 4 450,00 | R 4 450,00 | R 4 450,00 |
| Prys (R/ha) | R 1 390,63 | R 1 946,88 | R 2 503,13 | R 3 059,38 |
| **Totale saadkoste/ha** | **R 1 390,63** | **R 1 946,88** | **R 2 503,13** | **R 3 059,38** |
| | | | | |
| **Marge bo saadkoste/ha** | **R 6 622,88** | **R 7 171,13** | **R 6 121,38** | **R 5 377,13** |

In elke proefverslag word slegs die marge bo saadkoste, bemestingkoste, ens. aangedui en nie die hele ekonomiese ontleding nie. Vir die volledige ekonomiese ontleding kan elke proef se volledige verslag aangevra word of dit kan besigtig word op VKB Landbou se webtuiste: www.vkb.co.za.

## GEVOLGTREKKING

**'n Gevolgtrekking, gevolg deur 'n toepaslike aanbeveling kan eers gemaak word ná ten minste drie jaar se proefresultate. Daarom kan daar nog geen gevolgtrekking of aanbeveling gemaak word van enige van die proewe nie omdat daar slegs een of twee jaar se resultate beskikbaar is. Dit is daarom belangrik dat hierdie in gedagte gehou moet word wanneer die proewe bestudeer word.**



# 2018-19-PROEWE

## SOJABONE

- **Sojaboon-korrelkalkproef**
- **Free State Oil Sojaboonkwaliteitproef**

## MIELIES

- **Sonop Boerevereniging stikstofbron-en-toedieningspraktykproef**
- **Mielieblaarvoedingproef**
- **Mielieswamdoderproef**
- **Mieliekultivar -en-plantpopulasie-proef**
- **Mielie-korrelkalkproef**

2018-19 PROEWE

# SOJABOON-KORRELKALKPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om die effek van gebandplaasde korrelkalk(5 cm by 5 cm)-toediening op sojaboonopbrengs te evalueer.

**Proefinligting**

| | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Kransfontein |
| **Vorige gewas** | Sojabone |
| **Bewerkings** | Min Till |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | DM 5953 RSF |
| **Plantdatum** | 23 November 2018 |
| **Plantpopulasie** | 300 000 plante/ha |
| **Onkruidbeheer** | Novon Protecta |
| **Bemesting** | 20N, 20P, 20K<br>Breedwerpig |
| **Stroopdatum** | 17 April 2019 |

**Reënval -en temperatuur-opsomming**

| | 23 Nov | Des | Jan | Feb | Mrt | Apr | Tot |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Reënval (mm) | 0 | 45,2 | 50,8 | 11,2 | 94 | 39,2 | 343,4 |
| Gem. maks. temp. (°C) | 30,0 | 32,4 | 30,6 | 28,5 | 27,7 | 23,0 | 0 |
| Gem. min. temp. (°C) | 11,2 | 13,2 | 13,6 | 13,4 | 13,4 | 11,5 | 0 |
| Hitte-eenhede | 10,6 | 349,2 | 347,2 | 298,6 | 322,2 | 66,1 | 0 |
| Km. hitte-eenhede | 10,6 | 359,8 | 707 | 1005,6 | 1327,9 | 1394,0 | 0 |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit nege behandelings waarvan elke behandeling drie maal herhaal is. Die proef is geplant in 'n volledige ewekansige blokontwerp met 'n 8-ry 0,76 m planter. Elke perseel was 6,08 m breed en elke proefstrook gemiddeld 270 m lank. Elke kunsmismengsel is met plant toegedien (5 cm by 5 cm).**



## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Behandelings | Geen korrel-kalk<br>H1 | Korrel-kalk<br>H1 | Geen korrel-kalk<br>H2 | Korrel-kalk<br>H2 | Geen korrel-kalk<br>H3 | Korrel-kalk<br>H3 | Geen korrel-kalk<br>H4 | Korrel-kalk<br>H4 | Geen korrel-kalk<br>H5 | Korrel-kalk<br>H5 |

## BEHANDELINGS

| Behandeling | Hoeveelheid per hektaar (kg/ha) |
|---|---|
| **B1 (Geen korrelkalk)** | **0** |
| **B2 (Korrelkalk - Eco GRL Nulandis)** | **75** |

## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Marge bo korrelkalk-koste | |
|---|---|---|---|---|
| **B1 (Kontrole)** | 2,13 | a | **R 9 598,88** | 2de |
| **B2 (Korrelkalk)** | 2,26 | a | **R 9 905,50** | 1ste |
| **Gemiddeld** | **2,20** | **LSD $_{(0,05)}$ = ns<br>CV = 5,60** | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die korrelkalk -en kontrole-behandeling nie.
- Die korrelkalkbehandeling het egter 'n hoër opbrengs van 130 kg ha en 'n hoër marge bo korrelkalkkoste van R306,62 opgelewer.



# FSO SOJABOONKWALITEITPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om die invloed van verskillende peile van fosfaat, kalium en swael op die proteïen- en olie-inhoud van sojabone in die Noordoos-Vrystaat te bepaal.

| Proefinligting | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Villiers |
| **Vorige gewas** | Sojabone |
| **Bewerkings** | Super 19 en saadbed |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | DM 5953 RSF |
| **Plantdatum** | 23 November 2018 |
| **Plantpopulasie** | 300 000 plante/ha |
| **Onkruidbeheer** | Wilgechem |
| **Bespuitings** | Roes en bolwurm |
| **Stroopdatum** | 1 April 2019 |

**Reënval-en-temperatuur-opsomming**

| | 23 Nov | Des | Jan | Feb | Mrt | Tot |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Reënval (mm) | 44,4 | 83,8 | 60,0 | 37,6 | 52,5 | 278,3 |
| Gem. maks. temp. (°C) | 32,0 | 33,1 | 32,3 | 30,9 | 32,0 | 32,0 |
| Gem. min. temp. (°C) | 11,6 | 15,1 | 14,3 | 14,0 | 13,9 | 11,6 |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit nege behandelings waarvan elke behandeling drie maal herhaal is. Die proef is geplant in 'n volledige ewekansige blokontwerp met 'n 8-ry 0,76 m planter. Elke perseel was 6,08 m breed en elke proefstrook gemiddeld 270 m lank. Elke kunsmismengsel is met plant toegedien (5 cm by 5 cm).**

## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Behandelings | B1 | B6 | B2 | B8 | B4 | B3 | B5 | B7 | B9 | B2 | B5 | B1 | B9 | B7 | B4 | B8 | B3 | B6 |
| | 0N 0P 0K | 14N 24P 40K 12S | 14N 14P 0K | 14N 24P 40K 24S $K_2SO_4$ | 14N 24P 40K | 14N 24P 0K | 14N 24P 20K | 14N 24P 40K 21S | 14N 24P 40K 21S KCL | 14N 14P 0K | 14N 24P 20K | 0N 0P 0K | 14N 24P 40K 21S KCL | 14N 24P 40K 21S | 14N 24P 40K | 14N 24P 40K 24S $K_2SO_4$ | 14N 24P 0K | 14N 24P 40K 12S |
| | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 |

Slegs herhaling 1 en 2 word op die proefplan aangedui a.g.v. beskikbare spasie

## BEHANDELINGS

| | Bemestingsamestelling/peile | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Behandelings** | **N** | **P** | **K** | **S** |
| **B1 (Kontrole)** | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **B2** | 14 | 14 | 0 | 0 |
| **B3** | 14 | 24 | 0 | 0 |
| **B4** | 14 | 24 | 40 | 0 |
| **B5** | 14 | 24 | 20 | 0 |
| **B6** | 14 | 24 | 40 | 12 |
| **B7** | 14 | 24 | 40 | 21 |
| **B8** | 14 | 24 | 40 ($K_2SO_4$) | 24 |
| **B9** | 14 | 24 | 40 | 21 |


## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Honderd-pit-gewig (g) | Plant-hoogte (cm) | Olie-inhoud (%) | Proteïen-inhoud (%) | Marge bo bemesting-koste | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **B1 0N 0P 0K** | 1,38 | a | 0,11 | 59,89 | 19,40 | 41,53 | **R 6 210,00** | 1ste |
| **B2 14N 14P 0K** | 1,39 | a | 0,11 | 58,56 | 19,03 | 42,00 | **R 4 770,60** | 2de |
| **B3 14N 24P 0K** | 1,35 | a | 0,12 | 62,22 | 19,87 | 41,00 | **R 4 023,75** | 3de |
| **B4 14N 24P 40K** | 1,13 | a | 0,11 | 62,89 | 19,40 | 41,57 | **R 3 178,25** | 6de |
| **B5 14N 24P 20K** | 1,33 | a | 0,11 | 63,22 | 18,83 | 42,33 | **R 3 403,05** | 5de |
| **B6 14N 24P 40K 12S** | 1,38 | a | 0,12 | 59,33 | 20,27 | 40,60 | **R 3 549,30** | 4de |
| **B7 14N 24P 40K 21S** | 1,23 | a | 0,10 | 61,89 | 18,93 | 42,07 | **R 2 053,35** | 7de |
| **B8 14N 24P 40K 24S** | 1,30 | a | 0,11 | 61,67 | 19,83 | 41,07 | **R 1 790,55** | 8ste |
| **B9 14N 24P 40K 21S** | 1,14 | a | 0,11 | 60,11 | 18,77 | 42,10 | **R 1 648,35** | 9de |
| **Gemiddeld** | **1,29** | **LSD $_{(0,05)}$ = ns CV = 10,91** | **0,11** | **61,09** | **19,37** | **41,59** | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die behandelings nie.
- Die kontrole (B1), wat geen bemesting ontvang het nie, het die tweede hoogste opbrengs opgelewer, met die hoogste marge bo bemestingkoste in vergelyking met die ander behandelings. Die kontrole se marge bo bemestingkoste was tussen R1 439,40 en R4 561,65 hoër as die ander behandelings.
- Ná slegs een jaar se data is daar geen duidelike resultaat watter voedingstofelement of kombinasie die grootste invloed het op olie-en proteïen-inhoud van sojabone nie.
- Sien ook ander interessante inligting in tabel.



# SONOP BOEREVERENIGING STIKSTOFBRON-EN-TOEDIENINGSPRAKTYKPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om die effek van verskillende stikstoftoedieningspraktyke met verskillende stikstofbronne op mielie-opbrengs te evalueer.

**Proefinligting**

| | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Sonop Boerevereniging-perseel |
| **Vorige gewas** | Mielies |
| **Bewerkings** | Rip (Super 19) |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | PHB 33H56 |
| **Plantdatum** | 28 November 2018 |
| **Plantpopulasie** | 28 000 plante/ha |
| **Onkruidbeheer** | Camix Plus |
| **Bespuitings** | Karate Zeon |
| **Stroopdatum** | 17 Junie 2019 |

**Reënval-en-temperatuur-opsomming**

| | 28 Nov | Des | Jan | Feb | Mrt | Apr | Mei | Tot |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Reënval (mm) | 6,6 | 126 | 97,6 | 124 | 94,6 | 204,6 | 8,8 | 662,2 |
| Gem. maks. temp. | 30,8 | 32,5 | 29,8 | 28,9 | 29,7 | 23,6 | 24,2 | |
| Gem. min. temp. (°C) | 12,3 | 14,1 | 13,5 | 13,6 | 13,4 | 9,6 | 5,5 | |
| Hitte-eenhede | 0 | 312,9 | 343,2 | 307,7 | 343,5 | 114,9 | | |
| Kum. hitte-eenhede | 0 | 312,9 | 656,1 | 963,8 | 1307,3 | 1422,2 | | |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit vier behandelings waarvan elke behandeling se aantal herhalings verskil het (* sien verduideliking). Die proef is geplant in voorafgemete persele in 'n volledige ewekansige ontwerp met 'n 6-ry 0,91 m-planter. Elke perseel was gemiddeld 0,40 hektaar groot, maar het wel gewissel a.g.v. die land se uitleg. 'n Bufferstrook van gemiddeld 5 m is tussen die verskillende persele oop gelos sodat verskillende persele geen effek op mekaar kan hê nie.**

## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Behandelings** | $NH_3$ Voor plant H1 | $NH_3$ Voor plant H2 | KAN Top-bemes H1 | Ureum Top-bemes H1 | Ureum Voor plant H1 | KAN Top-bemes H2 | Ureum Voor plant H2 | Ureum Top-bemes H2 | KAN Top-bemes H3 | Ureum Voor plant H3 | $NH_3$ Voor plant H3 | $NH_3$ Voor plant H4 |

* $NH_3$-gas het vier herhalings gehad en ureum-topbemesting twee: In 2019-2020 word perseel 11 verander na ureum-topbemesting

## BEHANDELINGS

- $NH_3$ voor plant (saam met rip bewerking)
- KAN-topbemesting (uitgestrooi)
- Ureum-topbemesting (**uitgestrooi)
- Ureum voor plant (**uitgestrooi)

** Topbemesting is slegs uitgestrooi en nie ingewerk nie omdat lande te nat was

| Bemesting | Voor/topbemesting | Met plant | Totale bemesting |
|---|---|---|---|
| $NH_3$ (82) voor plant | 65 kg $NH_3$ (53N) | 200 kg 3:2:1 (30) Bandplaas | 83N, 20P, 10K (0,5% Zn) |
| KAN (28) topbemesting | 190 kg KAN (53N) | | |
| Ureum (46) topbemesting | 115 kg Ureum (53N) | | |
| Ureum (46) voor plant | 115 kg Ureum (53N) | | |

## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Finale plantpopulasie (plante/ha) | Pitte om die kop | Pitte in die ry | Koppe per plant |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **$NH_3$ voor plant** | 7,03 | a | 27 838 | 14,70 | 32,16 | 1,85 |
| **Ureum top-bemes** | 6,94 | a | 28 296 | 14,58 | 30,97 | 1,61 |
| **KAN top-bemes** | 6,85 | a | 27 838 | 13,91 | 30,47 | 1,80 |
| **Ureum voor plant** | 6,65 | a | 27 472 | 14,04 | 31,15 | 1,70 |
| **Gemiddeld** | **6,87** | **LSD $_{(0,05)}$ = ns CV (%) = 3,53** | **27 862** | **14,31** | **31,19** | **1,74** |

| Behandeling | Koppe op 10 m | Kg N/ton graan | Kg graan/mm reën | % N variasie ** | Marge bo stikstof-bemesting koste | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **$NH_3$ voor plant** | 46,83 | 11,80 | 13,73 | 8,45 | **R14 517,00** | 1ste |
| **Ureum top-bemes** | 41,50 | 11,96 | 13,56 | 30,41 | **R14 184,35** | 2de |
| **KAN top-bemes** | 45,50 | 12,11 | 13,38 | 26,39 | **R13 796,75** | 3de |
| **Ureum voor plant** | 42,50 | 12,49 | 12,98 | 28,97 | **R13 502,85** | 4de |
| **Gemiddeld** | **44,08** | **12,09** | **13,41** | **23,56** | | |

** Persentasie variasie van die hoeveelheid stikstof in die blaar bo die kop op R1 groeistadium.

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die behandelings nie, hoewel, die $NH_3$-voorplantbehandeling die hoogste opbrengs en marge bo stikstofbemestingkoste opgelewer het.
- Naas $NH_3$ voor plant, het die ureum-topbemesting behandeling die hoogste opbrengs en hoogste marge bo stikstofbemestingkoste behaal.
- Sien ook ander interessante inligting in tabel.



# MIELIEBLAARVOEDINGPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om te bepaal of die toediening van verskillende blaarvoedings op mielies 'n effek het op opbrengs.

| Proefinligting | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Kransfontein |
| **Vorige gewas** | Sojabone |
| **Bewerkings** | CLC en saadbed |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | PHB 33H56 |
| **Plantdatum** | 14 Desember 2018 |
| **Plantpopulasie** | 31010 plante/ha |
| **Onkruidbeheer** | Nulandis-program |
| **Bemesting** | 100N, 24P, 14K |
| **Stroopdatum** | 17 Julie 2019 |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit vyf behandelings waarvan elke behandeling vier maal herhaal is. Die proef is geplant in stroke in 'n volledige ewekansige blokontwerp met 'n 6-ry 0,91 m planter. Elke perseel was 5,46 m breed en elke proefstrook gemiddeld tussen 400 en 500 m lank. Elke blaarvoeding-behandelingmengsel se produkte is afsonderlik in een tenk mengsel gemeng en volgens die proefplan op elke strook gerig op die plant gespuit vyf weke ná opkoms.**

## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Behandelings | B1 | B3 | B5 | B2 | B4 | B2 | B4 | B1 | B5 | B3 | B3 | B1 | B2 | B4 | B5 | B4 | B5 | B3 | B1 | B2 |
| | H1 | H1 | H1 | H1 | H1 | H2 | H2 | H2 | H2 | H2 | H3 | H3 | H3 | H3 | H3 | H4 | H4 | H4 | H4 | H4 |

## BEHANDELINGS

| Behandelings | Toedieningspeil per hektaar (Inhoud van produk) |
|---|---|
| B1 | 1ℓ Kelpak (Seewier-ekstrak)<br>3 kg Supafeed (N, P, K, S, Mg, Zn, B, Mo, Fe, Mn, Cu)<br>1ℓ Smart Quatro (S, Mn, Zn, Mo, B)<br>2ℓ Rappid (N, P)<br>2ℓ Alexin (Ca, Mg, K, B) |
| B2 | 1ℓ Kelpak (Seewier-ekstrak)<br>3 kg Supafeed (N, P, K, S, Mg, Zn, B, Mo, Fe, Mn, Cu)<br>1ℓ Smart Zn (Zn, N, S)<br>500 mℓ Smart B-Mo (B, Mo) |
| B3 | 1ℓ Kelpak (Seewier-ekstrak)<br>2ℓ Rappid (N, P)<br>1ℓ Alexin (Ca, Mg, K, B)<br>2 kg BZM Super (B, Zn, Mn, Fulviensuur) |
| B4 | 1ℓ X-treem Zn<br>500 mℓ X-treem B<br>3ℓ Turbocrop (N, P, Mg, Aminosure, Fe, Cu, Zn, Mn, B, Mo, Sitokiniene, Ouksiene) |
| B5 | Geen blaarvoeding |

## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Marge bo blaarvoedingkoste | |
|---|---|---|---|---|
| B1 | 7,18 | a | R 16 253,79 | 5de |
| B2 | 7,49 | a | R 17 238,21 | 3de |
| B3 | 7,37 | a | R 16 815,66 | 4de |
| B4 | 7,53 | a | R 17 448,99 | 2de |
| B5 | 7,49 | a | R 17 601,50 | 1ste |
| Gemiddeld | 7,41 | LSD $_{(0,05)}$ = ns<br>CV = 4,32 | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die blaarvoedingbehandelings nie.
- Die kontrole-behandeling (B5) wat geen blaarvoeding ontvang het nie, het die tweede hoogste opbrengs opgelewer, asook die hoogste marge bo blaarvoedingkoste van meer as R150,00 tot R1 300,00/ha in vergelyking met die blaarvoedingbehandelings.





# MIELIESWAMDODERPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om te bepaal of die toediening van verskillende swamdoders op mielies 'n effek het op opbrengs.

**Proef inligting**

| | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Kransfontein |
| **Vorige gewas** | Sojabone |
| **Bewerkings** | CLC en saadbed |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | PHB 2137 |
| **Plantdatum** | 29 November 2018 |
| **Plantpopulasie** | 31 000 plante/ha |
| **Onkruidbeheer** | Nulandis-program |
| **Bemesting** | 100N, 24P, 14K |
| **Stroopdatum** | 5 Julie 2019 |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit drie swamdoderbehandelings waarvan elke behandeling vier maal herhaal is. Die proef is geplant in stroke in 'n volledige ewekansige blokontwerp met 'n 6-ry 0,91 m planter. Elke perseel was 5,46 m breed en elke proefstrook gemiddeld 410 m lank. Elke swamdoder-behandelingmengsel se produke is afsonderlik in een tenk mengsel gemeng en volgens die proefplan op elke strook gerig op die plant gespuit vyf weke ná opkoms.**

## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Behandelings | B1 | B2 | B3 | B2 | B1 | B3 | B2 | B1 | B3 | B2 | B3 | B1 |
| | H1 | H1 | H1 | H2 | H2 | H2 | H3 | H3 | H3 | H4 | H4 | H4 |





## BEHANDELINGS

| Behandelings | Toedieningspeil per hektaar (Aktiewe bestandeel) |
|---|---|
| B1 | Geen swamdoder |
| B2 | 400 mℓ Mycoblock (250 g/ℓ asoksistrobien/strobilurien) |
| B3 | 500 mℓ Evito T (Fluoxastrobin 200 g/ℓ) (Tebuconazole 277 g/ℓ) |

## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Marge bo swamdoderkoste | |
|---|---|---|---|---|
| B1 (Kontrole) | 6,04 | a | R 14 194,00 | 3de |
| B2 (Mycoblock) | 6,18 | a | R 14 300,16 | 2de |
| B3 (Evito T) | 6,36 | a | R 14 468,00 | 1ste |
| Gemiddeld | 6,16 | LSD $_{(0,05)}$ = ns<br>CV = 2,40 | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die swamdoderbehandelings nie.
- Beide die swamdoderbehandelings, Mycoblock en Evito T, se marge bo swamdoderkoste was hoër as die kontrole met onderskeidelik R106,16 en R274,00/ha.



# MIELIEKULTIVAR-EN-PLANTPOPULASIE-PROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om die effek van verskillende mieliekultivars by verskillende plantpopulasies op opbrengs te evalueer.

| Proefinligting | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Kestell |
| **Vorige gewas** | Droëbone |
| **Bewerkings** | Rip en saadbed |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | Sien onder |
| **Plantdatum** | 13 Desember 2018 |
| **Plantpopulasie** | Sien onder |
| **Onkruidbeheer** | Nulandis-program |
| **Bemesting** | 80N, 20P, 12K |
| **Stroopdatum** | 18 April 2019 |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit vier behandelings en elke behandeling is drie maal herhaal. Die proef is geplant in 'n strookperseel *(strip-plot)* uitgelê in 'n volledige ewekansige blokontwerp. Twee kultivars is teen twee plantpopulasies geplant. Die proefstroke was gemiddeld 400 m lank en elke strook was 5,46 m breed.**

## PROEFONTWERP

| Plantpopulasie (plante/ha) | 32 692 | | | | | | 34 615 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| Behandelings | B1 | B2 | B1 | B2 | B1 | B2 | B1 | B2 | B1 | B2 | B1 | B2 |
| | H1 | H1 | H2 | H2 | H3 | H3 | H1 | H1 | H2 | H2 | H3 | H3 |

## BEHANDELINGS

| Proef: | Behandelings: (Kultivar/Plantpopulasie) |
|---|---|
| Kultivarproef 1 | PHB 2137<br>PAN 5A-182<br>32 692 plante/ha |
| Kultivarproef 2 | PHB 2137<br>PAN 5A-170<br>34 615 plante/ha |
| Plantpopulasie-proef | 32 692 plante/ha<br>34 615 plante/ha |

## RESULTATE

| Proef | Behandeling-kombinasie | | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Marge bo saadkoste | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kultivar | Plantpopulasie (plante/ha) | | | | |
| 1 | PHB 2137 | 32 692 | 4,23 | a | R 8 322,25 | 1ste |
| | PAN 5A-182 | | 2,87 | b | R 5 191,63 | 2de |
| | Gemiddeld | | 3,55 | LSD $_{(0,05)}$ = 0,25<br>CV = 2,02 | | |
| 2 | PHB 2137 | 34 615 | 3,94 | a | R 7 545,56 | 1ste |
| | PAN 5A-170 | | 3,03 | a | R 5 476,29 | 2de |
| | Gemiddeld | | 3,34 | LSD $_{(0,05)}$ = ns<br>CV = 8,27 | | |
| 3 | PHB 2137 | 32 692 | 4,23 | a | R 8 322,25 | 1ste |
| | | 34 615 | 3,94 | a | R 7 545,56 | 2de |
| | PAN 5A-182/170 | 32 692 | 2,87 | b | R 5 191,63 | 4de |
| | | 34 615 | 3,03 | b | R 5 476,29 | 3de |
| | Gemiddeld | | 3,52 | LSD $_{(0,05)}$ = ns<br>CV = 2,40 | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar nie volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD)-toets teen alpha = 0,05

## BESPREKING

- In die kultivarproewe (Proef 1 en 2), het PHB 2137 in beide proewe die hoogste opbrengs en marge bo saadkoste opgelewer, met 'n statisties betekenisvolle verskil slegs in proef 1.
- In die plantpopulasieproef (proef 3), vir PHB 2137 het die laer plantpopulasiebehandeling die hoogste opbrengs en marge bo saadkoste opgelewer, alhoewel nie statisties betekenisvol nie. Vir PAN 5A82/170 het die hoër plantpopulasiebehandeling die hoogste opbrengs en marge bo saadkoste opgelewer.



# MIELIE-KORRELKALKPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om die effek van gebandplaasde korrelkalk (5 cm by 5 cm) toediening op mielie-opbrengs te evalueer.

| Proef inligting | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2018/19 |
| **Lokaliteit** | Afrikaskop |
| **Vorigegewas** | Sojabone |
| **Bewerkings** | Min Till |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Kultivar** | DKC 73-70 |
| **Plantdatum** | 15 Oktober 2018 |
| **Plantpopulasie** | 35 000 |
| **Onkruidbeheer** | Novon Protecta |
| **Stroopdatum** | 5 Junie 2019 |
| **Bemesting** | 160 kg Ureum<br>Breedwerpig uitgestrooi<br>230 kg 3:2:1(30), 0,5% Zn |

## PROEFONTWERP

**Die proef bestaan uit twee behandelings waarvan elke behandeling vyf maal herhaal is. Die proef is geplant in stroke in 'n volledige ewekansige blokontwerp met 'n 8-ry 0,91 m planter. Elke perseel was 7,28 m breed en elke proefstrook gemiddeld 300 m lank. Die korrelkalkbehandeling is met plant toegedien 5 cm weg van en 5 cm onder die pit.**

## PROEFPLAN

| Perseel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Behandelings | Geen Korrel-kalk | Korrel-kalk | Geen korrel kalk | Korrel-kalk | Geen korrel-kalk | Korrel-kalk | Geen korrel-kalk | Korrel-kalk | Geen korrel-kalk | Korrel-kalk |
| | H1 | H1 | H2 | H2 | H3 | H3 | H4 | H4 | H5 | H5 |



## BEHANDELINGS

| Behandeling | Hoeveelheid per hektaar (kg/ha) |
|---|---|
| B1 (Geen Korrelkalk) | 0 |
| B2 (Korrelkalk - Eco GRL Nulandis) | 75 |

## RESULTATE

| Behandeling | Opbrengs (t/ha) | Betekenisvolheid * | Marge bo korrelkalkkoste | |
|---|---|---|---|---|
| B1 (Kontrole) | 3,51 | a | R 8 248,50 | 2de |
| B2 (Korrelkalk) | 3,98 | a | R 9 105,50 | 1ste |
| Gemiddeld | 3,75 | LSD $_{(0,05)}$ = 0.54<br>CV = 6,20 | | |

*Behandelings met dieselfde letters verskil nie statisties betekenisvol van mekaar volgens Fisher se berekende kleinste betekenisvolle verskil (LSD) toets teen alpha = 0,05 nie.

## BESPREKING

- Daar was geen statistiese betekenisvolle verskille in opbrengs tussen die korrelkalk-en-kontrole-behandeling nie.
- Die korrelkalkbehandeling het egter wel 'n hoër opbrengs van 470 kg/ha en hoër marge bo korrelkalkkoste van R857,00 opgelewer.



# NOTAS

# 2019-20-PROEWE




## SOJABONE

- **Sojaboonkultivarproef**

## MIELIES

- **Sonop Boerevereniging stikstofbron-en-toedieningspraktykproef**
- **Mielie-plantpopulasieproef 1**
- **Mielie-plantpopulasieproef 2**
- **Mielie Downforce-proef 1**
- **Mielie Downforce-proef 2**
- **Mielie-stikstofpeilproef**
- **Mielieblaarvoedingproef**
- **Mielieswamdoderproef**

# SOJABOONKULTIVARPROEF

## DOEL VAN DIE PROEF

Om verskillende saadmaatskappye se kort/medium en lang groeiklas-sojaboonkultivars se opbrengs statisties en onafhanklik te vergelyk onder droëlandkondisies.

**Proefinligting**

| | |
|---|---|
| **Produksiejaar** | 2019/20 |
| **Lokaliteit** | Qwa Qwa |
| **Vorige gewas** | sojabone |
| **Bewerkings** | AST Matic, Vibro flex |
| **Proefjaar** | Jaar 1 |
| **Plantdatum** | 25 November 2019 |
| **Plantpopulasie** | 275 000 plante/ha |
| **Bemesting** | Groen Microlife korrel |
| **Onkruidbeheer** | Nulandis-program |
| **Bespuitings** | Nulandis-program |
| **Stroopdatum** | Sien resultate |

**Reënval-en-temperatuur-opsomming**

| | 25 Nov | Des | Jan | Feb | Mar | Apr | Mei | Tot |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Reënval (mm) | 0 | 84,6 | 78,2 | 58,4 | 20,2 | 63,6 | 0 | 305 |
| Gem. maks. temp. | 34,9 | 26,6 | 29,2 | 29,4 | 29,3 | 23,9 | 24,1 | |
| Gem. min. temp. (°C) | 14,2 | 12,9 | 13,4 | 12,9 | 10,2 | 7,3 | 2,6 | |
| Hitte-eenhede | 0 | 278,1 | 337,5 | 303,3 | 293,4 | 209,8 | 29,6 | |
| Kum. hitte-eenhede | 0 | 278,1 | 615,7 | 918,9 | 1212,3 | 1422,1 | 1451,8 | |



## PROEFONTWERP

